



### **LEEF JOU GELOOF**

“Here, hoekom is die wêreld so deurmekaar?’  
vra ons alte maklik.

Hoe antwoord die Here Noag en ook vir ons?

“Maak jy ‘n verskil!” se Hy.

Dink aan mense in julle omgewing vir wie  
dinge deurmekaar is en besluit saam hoe  
julle ‘n verskil in hulle lewe kan maak.



### **NET VIR OUERS**

‘n Mens moenie Noag se invloed op sy gesin  
miskyk nie. In ‘n deurmekaar wêreld het sy  
gesin staande gebly. Dit was alles te danke aan  
sy voorbeeld. Noag word God se antwoord vir  
‘n deurmekaar wêreld. Hou altyd in gedagte dat  
jy ‘n invloed het op jou kinders. Laat dit ‘n  
positiewe invloed wees.

### **NOTAS**

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

### **WAT IS DIE LEWE SONDER NOAG? WEEK 2**



### **BESTE EN SLEGSTE**

Gee elkeen ‘n kans om oor die  
beste en slegste oomblik van elkeen  
se dag te gesels.

### **WAAR HET JY JEUSUS VANDAG ONTMOET?**

Gesels met mekaar oor waar elkeen  
vandag vir Jesus ontmoet het, of oor  
iets of iemand wat jou aan Hom laat  
dink het.



### **Bybel:**



Lees: Genesis 6:1-9, 22; 7:5-16, 9:11,  
13-15.

Steek ‘n kers aan as ‘n simbool daarvan  
dat die Bybel die lig vir julle pad is (julle  
kan die gebruik weekliks herhaal).

Lees dan die gedeeltes uit Genesis.

- \* Watter insig gee hierdie gedeeltes vir jou oor God, met ander woorde wat leer jy van God?
- \* Wat sê God vir jou in hierdie gedeelte, met ander woorde wat sê dit oor jouself? Skryf dit neer.
- \* Wat daag God jou uit om te doen, en hoe? Skryf dit neer.



Noag het in God geglo en gedoen wat Hy vir hom gesê het. Daar is ook hierdie mooi ware verhaal van 'n jongman wat ten alle koste aan

God gehoorsaam was.

Eric Liddell, 'n gehoorsame gelowige, was 'n Skot wat by die 1924 Olimpiese Spele in Parys die gunsteling was om die 100 treë te wen.

Omdat die 100 treë op 'n Sondag gehardloop sou word, het hy hom ontrek. Eric moet toe aan die 400 treë deelneem, wat nie sy gunstelingitem was nie. Sy kans om te wen was maar skraal.

Eric het egter oor die wenstreep geskiet in 'n Olimpiese- én Wêreld-rekordtyd. Toe joernaliste by hom wou weet hoe hy dit reggekry het, het hy gesê: "Ek het vir Christus gehardloop." Dit is gehoorsaamheid: Doen alles asof jy die vir die Here doen. Wat kan jy doen

om elke dag aan God gehoorsaam te wees?

In Robert Penn Warren se *A Place To Come To*, staan daar die volgende woorde: "Ek het nog nooit die vaagste benul gehad van wat lewensgeluk is nie – wat ek my lewe lank as lewensgeluk beskou het, was toe net alledaagse opwindning."

Die ware opwindning van die lewe kry jy alleenlik deur 'n lewe van gehoorsaamheid aan God. En weet jy wat? Dit maak jou boonop gelukkig!

Hierdie week kry jy die kans om jouself in te oefen in 'n lewenswaarde wat jou tot die uiterste sal beproef, naamlik, gehoorsaamheid aan God. Dit gaan jou avonture laat beleef soos Noag en jou dikwels uit jou gemaksonne neem – net soos daardie *extreme sports* met mense maak. Die woord "vervelig" sal verseker nie deel van jou woordeskat wees nie.

Dink aan wat God op die oomblik van elkeen van julle verwag om te doen. Dit hoef nie groot dinge te wees nie, nee, dit kan maar klein pliggies wees: om 'n vriend te help, kinders rond te ry of om jou kamer netjies te hou omdat jou ouers dit van jou vra. Jesus het self gesê dat hulle wat in klein dingetjies getrou is, ook in groot dinge getrou sal wees (sien Lukas 16:10).

Maar weet jy wat is die belangrikste van Noag se verhaal in Genesis 7? Dis daardie woorde wat 'n mens maklik met die eerste oogopslag kan mislees: "Toe het die Here die deur van die ark agter hulle toegesluit" (Gen.7:16).

Vir God kan jy honderd present vertrou, want Hy gee regtig om vir sy kinders. Die ark het nie 'n slot aan die binnekant gehad nie, want dit het nie een nodig gehad nie. God self was die Een wat die deur bewaak het. Ek en jy kan altyd op God vertrou om die deure van die lewe vir ons oop te maak op die regte en beste tyd - sy tyd!



### **DOEN SAAM :**

Trek julle skoene uit en gooi almal op 'n hoop in 'n vertrek. Julle gaan nou die wêreld se maklikste speletjie speel. Al wat julle moet doen, is om julle skoene aan te trek. Wat is die vangplek? Die reël is dat julle dit met een hand agter die rug moet doen. Vertel dan vir mekaar hoe dit gevoel het om jou skoene met jou een hand aan te trek. Net soos 'n mens jou skoene nie gemaklik met een hand kan aantrek nie, kan jy God ook nie met 'n stukkie van jou liefhê nie. Nee, Jesus leer jou dat jy God met jou álles - hart, siel, verstand en al jou kragte - moet liefhê en gehoorsaam.



### **GEBED:**

Here my God, U bly altyd getrou aan U beloftes selfs al is ek ontrou. Skenk aan my 'n geloof soos die van Noag wat op u Woord bly vertrou het, selfs te midde van die bespotting van sy vriende en ander mense wat hom verseker moes seergemaak het. Laat my soos Noag kies om reg op te tree, selfs al is die versoeking van die wêreld sterk om verkeerd te doen. Help my om aan U gehoorsaam te wees en so 'n verskil in die wêreld te maak. Amen.